# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126 Spruitstraat Posbus 53
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za Kuilsrivier Kuilsrivier
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za 7580 7579

20 Januarie 2023

## *BUITEMUURSE PROGRAM*
## *1ste KWARTAAL 2023*

**SPORTBESTUURDER – MNR. A. NORTJE**

**ATLETIEK: KOÖRDINEERDER – ME. Z. Meyer**

| *TYD* | *SPAN* | *ITEM* | *AFRIGTER* |
|---|---|---|---|
| **Maandag - Oefeninge:** | | | |
| 14:30 – 15:30 | o.7 – o.13 | Naellope | Mee. A. Visser, Z. Meyer & Mnr. M. Verwey |
| 14:30 – 15:30 | o.10 – o.13 | Hekkies | Me. M. Olivier |
| 15:30 – 16:30 | o.10 – o.13 | Gewigstoot | Mnr. T. Gouws |
| 14:30 – 15:30 | o.10 – o.13 | Verspring | Me. M. Swart |
| 15:30 – 16:30 | o.10 – o.13 | Hoogspring | Me. T. Von Wielligh |
| 14:30 – 15:30 | o.12 & o.13 | Spiesgooi | Mnr. H. Wichers |
| 14:30 – 15:30 | o.12 & o.13 | Diskus | Mnr. J. Vermeulen |
| **Woensdag:** Dieselfde oefenrooster as op 'n Maandag word gevolg. | Dieselfde oefenrooster as op 'n Maandag word gevolg. | Dieselfde oefenrooster as op 'n Maandag word gevolg. | Dieselfde oefenrooster as op 'n Maandag word gevolg. |

**Middelafstande (800m, 1200m & 1500m):** sal op Maandae, Woensdae en Donderdae vanaf 16:45 – 17:30 afgerig word deur Me. K. Verwey

**NB: Atletiekrooster tree in werking op MAANDAG, 23 JANUARIE 2023.**

***KRIEKET:* *KOÖRDINEERDER – MNR. S. FABRICIUS***

| *SPAN* | *TYD* |
|---|---|
| Gr. R.1 - Maandae, Gr. R.2 - Dinsdae | 12:30 – 13:00 |
| Gr. R.3 - Woensdae, Gr. R.4 - Donderdae | 12:30 – 13:00 – **Graad R krieket begin op MAANDAG, 30 JANUARIE 2023.** |

| **Span** | **Maandag oefeninge:** | **Alternatiewe oefendae:** | **Donderdag oefeninge:** | |
|---|---|---|---|---|
| o.7 | 14:30 – 15:30 | Geen | 14:30 – 15:30 | Mee. J. Booysen, J. Weyers, M. Willemse & T. Gouws |
| o.8 | 14:30 – 15:30 | Geen | 14:30 – 15:30 | Mee. K. Orton, C. Lamprecht, M. Wessels & D. Kirsten |
| o.9 | 14:30 – 15:30 | Geen | 14:30 – 15:30 | Mee. T. Blake, A. Boshoff, L. Burger & J. Visser |
| o.11 (geb. 2011&2012) | 14:30 – 15:30 | Woensdae 14:30-15:30 | Geen | Mnre. A. Schlemmert, S. Ferreira & J. Theron |
| o.13B & o.13C (geb. 2009&2010) | 15:00 – 16:30 | Slegs o.13A Dinsdae 15:30-16:30 | 15:00 – 16:30 | Mnre. H. De Wet ,S. Fabricius & A.Nortje |

***Krieket begin op MAANDAG, 23 JANUARIE 2023***

VOLG OP BLADSY 2...

**TENNIS:** KOÖRDINEERDER – ME. S. ALBERTYN

***Tennis begin op MAANDAG, 30 JANUARIE 2023***

| SPAN | TYD | AFRIGTERS |
|---|---|---|
| **Maandag:** | | |
| Gr.4-7 wat nog nie vir 'n span gekies is nie - Beginners | 14:30 – 15:15 | Mnr. Ryno Bruwer en K. Jordaan |
| o.11A seuns & dogters | 15:15 – 16:00 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. I. Willemse |
| o.13A meisies | 16:00 – 17:00 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. C. Kotze |
| o.13A seuns | 17:00 – 18:00 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. C. Kotze |
| **Dinsdag:** | | |
| o.11 - B, C & D spanne | 14:30 – 15:30 | Mnr. Ryno Bruwer & K. Jordaan |
| o.11A seuns & dogters | 15:30 – 16:30 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. I. Willemse |
| o.13A seuns & dogters | 16:30 – 17:30 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. C. Kotze |
| o.13 B & C spanne seuns en dogters | 17:30 – 18:30 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. C. Kotze |
| **Woensdag:** | | |
| Squad – o.13 A seuns en dogters | 06:30 – 07:30 | Mnr. Ryno Bruwer & Me. C. Kotze |

***MINI-TENNIS:* GR. 3**

| GROEP | TYD | AFRIGTERS |
|---|---|---|
| **Maandag:** | | |
| Gr. 3 seuns & dogters | 14:15 – 15:00 (Gr.5-7 vierkant) | Mee. D. Smith, I. Woest en M. Verster |

***Mini-Tennis begin op MAANDAG, 30 JANUARIE 2023***

**BERGFIETS: KOÖRDINEERDER – ME. D. TALJAARD**

Inligting by Juffrou Dorette Taljaard beskikbaar. Oefendae: Woensdae en Vrydae om 17:00-18:00 by die park in Sonnemeisiestraat (langs Kuilsrivier Muurbalklub).

***Bergfiets begin op WOENSDAG, 25 JANUARIE 2023***

**KORE: (SENIOR EN JUNIOR): KOÖRDINEERDERS – MEE. A. NELL & A. VAN LILL**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Junior Koor (Klubhuis) | Dinsdae | 13:00 – 14:00 | Me. A. Van Lill |
| Senior Koor (Saal) | Dinsdae | 13:00 – 14:30 | Me. A. Nell |
| Senior Koor (Saal) | Vrydae | 07:00 – 07:45 | Me. A. Nell |

***Kore begin op DINSDAG, 24 JANUARIE 2023***

**SKAAK : KOÖRDINEERDER – ME. A. SWANEPOEL**

Dinsdag Oefening : 13:00 – 14:00

***Skaak begin op DINSDAG, 31 JANUARIE 2023***

VOLG OP BLADSY 3...

**<u>REDENAARSKUNS:</u>** **<u>KOÖRDINEERDER – ME. N. MARAIS</u>**

| | |
|---|---|
| Maandag: | 13:15 – 14:00: Gr. 3 by Me. M. J/V Vuuren |
| Vrydag: | 14:15 – 15:00: Gr. 4 & 5 by Me. R. Nieuwoudt |
| Vrydag: | 14:15 – 15:00: Gr. 6 & 7 by Me. N.Marais |

***Redenaarskuns begin op <u>MAANDAG, 30 JANUARIE 2023</u>***

---

**<u>KOMPETISIES:</u>** **<u>CONQUESTA; AMESA; ALGEMENE KENNIS: KOÖRDINEERDER – ME. T. BLAKE</u>**
**<u>INTERHUIS: KOÖRDINEERDER – ME. C. LAMPRECHT</u>**

Tye soos met leerders gereël.

---

**<u>NASKOOLSE KUNSKLASSE:</u>** **<u>KOÖRDINEERDER – ME. Y. MARITZ-VERMEULEN</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag | Graad 3-4: | 14:15 – 15:30 |
| Dinsdag | Graad 5-7: | 15:45 – 17:00 |

***Kunsklasse begin op <u>DINSDAG, 24 JANUARIE 2023</u>***

---

***Hierdie program tree in werking op die datums soos by elke aktiwiteit hierbo aangedui is.***

L.C. Mouton
SKOOLHOOF

# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


20 Januarie 2023

Geagte Ouers

**NETBAL: BESLUIT DEUR NETBAL SUID-AFRIKA**

Netbal Suid-Afrika (NSA) het aan die einde van verlede jaar 'n besluit aan alle Wes-Kaapse skole deurgegee wat 'n groot impak op ons sportprogram gaan hê. Ek lys kortliks wat aan ons deurgegee is:

- Ligawedstryde sal in die eerste week van Maart 2023 (1STE KWARTAAL) begin
- Ligawedstryde sal aan die einde van die 2DE KWARTAAL eindig
- In die 3de kwartaal sal slegs provinsiale/nasionale toernooie en/of kampioenskappe plaasvind

Die direkte implikasie vir skole, is dat netbaloefeninge reeds hierdie kwartaal in Februarie moet begin. Uiteraard het dit 'n geweldige impak op aspekte soos die volgende:

- Beskikbaarheid van bane
- Beskikbaarheid van afrigters
- Afrigters wat beide somer-en wintersporte in een kwartaal moet afrig
- Kostes van buite-afrigters/ekstra afrigters (skole se begrotings reeds gefinaliseer)
- Netbal wat gelyklopend met somersporte moet begin
- Skole (soos ons) wat reeds netbalwedstryde/sportdae vir die 3de kwartaal beplan het, sal steeds vanjaar in die derde kwartaal met netbal moet voortgaan om daardie bepalings na te kom

Ons is dus besig om ons hele buitemuurse program hiervolgens te beplan, maar stuur reeds, met dit in gedagte, vir u vandag ons voorlopige program wat op Maandag, 23 Januarie 2023 begin.

LET WEL: 'n Besluit wat ons reeds moes neem is dat 0.7 en 0.8 balspele vir kwartaal 1 verval. Ons moedig dit aan dat die betrokke seuns by mini-krieket inskakel en die dogters by die netbal. Ons ontvang eers heelwat later in die kwartaal die wedstrydbepalings van die netbal en dit kan dalk verdere veranderinge noodsaak, veral as netbalwedstryde op dieselfde dag as tenniswedstryde moet plaasvind. Ons sal u hieroor op hoogte hou.

Ons vra asb. u geduld en begrip. Ons doen die beste wat ons kan met die hulpmiddele tot ons beskikking om 'n gewenste oplossing vir die situasie te vind.

Vriendelike groete

L. Mouton
SKOOLHOOF